MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

30 Julie 2021

OB 22 – Kwartaalbrief Kwartaal 2-2021

Beste Ouers

Kwartaal 3 van 2021 het aangebreek en ons sien uit na 'n kwartaal waar die akademie normaal kan verloop. Die onverwagte sluiting 'n week vroeër aan die einde van die tweede kwartaal, het tot gevolg gehad dat ons nie die rapporte soos altyd kon uitdeel op die laaste skooldag nie. U ontvang vandag u kind se rapport.

Die aanvang van sport is op hierdie stadium nog onduidelik, maar ons sal so spoedig moontlik inligting aan u deurgee. Die tweede kwartaal was uitdagend op verskeie gebiede en ek bedank ons personeel vir hul toegewydheid en harde werk. Ek bedank ook ons leerders wat goeie samewerking gegee het.

Ons gaan voort met ons normale skoolrooster vir gr. 4-7, soos wat die leerders verlede kwartaal gevolg het. Ons moet steeds Covid-19 veiligheidsmaatreëls volg betreffende "screening", dra van maskers en geen fisiese kontak tussen leerders nie. Ons versoek weer dat u kind 'n ekstra masker in sy/haar tas hou. Dit gebeur gereeld dat 'n masker skeur of nat word, dan is 'n tweede masker nodig.

Hiermee die kwartaalverslag vir Kwartaal 2 – 2021:

Akademie

Grondslagfase: *me. Marga den Engelsman*

Baie dankie aan al die Monties wat hulle Bussievorms voltooi het. Daar is genoeg geld ingesamel sodat daar nog 'n nuwe klimraam, vir lekker klim en klouter, aangeskaf kon word. Ons wag tans vir die aflewering daarvan.

Die onderwyseresse het hierdie kwartaal verskeie webinare bygewoon. Baie dankie vir die ekstra myl wat julle stap vir ons kinders. Ons het ook verskeie proefstudente gehad wat hierdie kwartaal by ons was. Ons hoop hulle het die tydjie geniet en leersaam gevind.

Ons het ouerbesoeke gehou wat deur 'n groot aantal ouers bygewoon is. Baie dankie vir u ondersteuning aan u kind.

Ons kon ook dié kwartaal al ons leerders terug verwelkom by die skool, waaroor ons baie opgewonde was. Ons kom nog altyd al die Covidreëls na.

Intermediêre en Seniorfase: *me[e] Olivier en Stemmet*
Opgestel deur me. Strauss

Kwartaal 2 het op die beplande tyd begin. In die onsekere tye is ons dankbaar vir alles wat soos normaal voel. Een normaliteit waaroor ons baie dankbaar is, is dat alle leerders 31 Mei teruggekeer het skool toe. Dit is wonderlik om almal weer in een klas te hê.
Ouersbesoeke was in die tweede week van die tweede kwartaal. Dankie aan elke ouer/voog wat die afspraak nagekom het. Dit is in u kind se belang om die onderwyser/s te spreek veral waar daar bekommernisse is.

Daar is hard gewerk en die leerders het goed voorberei vir die toetsreeks. Ons is trots op elke leerder wat sy/haar kant gebring het. Die leerders het baie mooi presteer. Dankie ook vir u ondersteuning tuis.

Die personeel het gereeld vergaderings bygewoon en opleiding ontvang. Dit het gewoonlik deur *Teams* geskied. Dit het effektiewe leer verseker.

As gevolg van die instelling van vlak 4-inperking het die skool vroeër gesluit as beplan en is die kwartaal nie soos gewoonlik afgesluit nie. Dit voel vreemd om nie rapporte aan 'n einde van 'n kwartaal uit te gee nie, maar ons het geleer om aanpasbaar te wees.

Die graad 6 en 7's sou ook 'n virturele skryfkursus wat deur die skrywer, Troula Goosen aangebied word, in die laaste week bygewoon het. Dit sal nou in die derde kwartaal plaasvind. Ons glo dat hulle dit sal geniet en dat hulle dit ook in hul skryfwerk sal kan toepas.

Leerders kry in die derde kwartaal geleentheid om aan die Conquesta deel te neem. Daar word ook weer erkenning gegee aan leerders wat akademiese prestasie behaal het. Laat ons voortgaan om in te kom om te leer en uit te gaan om te dien.

Die gr. 4-klasse word binnekort toegerus met interaktiewe witborde. Elke registerklas in die Intersenfase is dan toegerus met interaktiewe witborde en slegs mnr. Krüger se klas in die Intersenfase, die gr. 3-klasse en die biblioteek moet dan nog toegerus word met interaktiewe witborde. Ons gaan steeds voort met die beginsel dat onderwysers wissel en nie die leerders nie (weens Covid-19 veiligheid), daarom geniet die biblioteek en mnr. Krüger se klasse nie tans prioriteit nie.

Biblioteek: *me. Marlene Brits*

Die belangrikste ding wat enigeen moet weet,
is waar jou naaste biblioteek is.
[Albert Einstein]

Biblioteekleiers vir elke groep (A en B) van elke klas is aan die begin van die kwartaal aangewys. Hulle is trots op die verantwoordelikheid wat aan hulle toevertrou word en kwyt hulle goed van hul taak. Helpers word deur die leiers benoem wat laasgenoemde bystaan, sodat die uitleenproses seepglad en ordelik verloop.

'n Groot verskeidenheid nuwe boeke is aangekoop vir beide die Grondslag- en Intersenfase.
Die nuwe reekse wat aangekoop is, vind groot byval by die leerders. Lekkerlees storieboeke van die skrywer, Troula Goosen, is ook aangekoop vir die skryfkursus wat die gr. 6 en 7's gaan doen volgende kwartaal.

Die gr. 1- en 2-leerders het verlede kwartaal ywerig ingekleur aan boekverwante prente, waarvan 3 leerders uit elke klas beloon is met 'n klein geskenkie.
Hierdie kwartaal het die gr. 3-leerders aan die beurt gekom deur 'n boekresensie te skryf. Die wenners uit elke klas sal volgende kwartaal aangekondig word en hul beloning ontvang.

Ons sien ook uit na LAPA- uitgewers wat 'n boekuitstalling by die skool aan die einde van Augustus gaan hou. 'n Groot verskeidenheid boeke sal te koop aangebied word. Boekuitstallings by die skool lok altyd baie belangstelling van oud en jonk wat gretig is om 'n boek of twee teen 'n billike prys aan te skaf.

Rekenaarklas: *me. Marika Enslin*

Leerders van gr.1-7 het gedurende hierdie kwartaal die geleentheid gekry om rekenaargeletterdheid te doen en het onderwerpe aangepak soos grafiese programme, asook muis- en tikvaardighede. Die gr.5- en 6-leerders het die *stop motion*-tegniek behandel en animasies geskep. Die gr.7's het gesels oor navorsingstegnieke en het dit ook prakties toegepas deur 'n elektroniese ensiklopedie te gebruik en 'n brosjure in *Publisher* te maak. Hulle het ook *HTML* begin behandel.

Verder is die rekenaarklas gebruik deur alle gr.3 tot 6-leerders om die Greenshoots Wiskunde program te gebruik. Dit is duidelik dat die leerders hierdie program baie geniet en hulle doen hulle oefeninge met entoesiasme. Leerders word ook aangemoedig om hierdie program by die huis te gebruik om bv. hulle tafels en hoofreken te oefen.

Leerders: *me. Maryn Stemmet*

Kwartaal 2 het dié jaar beslis ander uitdagings gehad as waaraan ons gewoond is. Die Groep A / Groep B roetine is verander na volskool vir almal. Die Monties was baie opgewonde om weer al hulle maats te sien. Almal het gou aangepas by die nuwe omstandighede.

Laerskool Montagu se leerdergetalle staan tans op 371. Leerders dra tans afwisselend hulle skooldrag en sportdrag, sodat klere meer gereeld gewas kan word. Dankie vir die ouers se samewerking om die kinders netjies en warm te hou.

Fisies: *mnr^e. Jan Krüger en Louwtjie Strauss*

Die onderhoudsprojek deur die WKOD en Departement Openbare Werke, neem langer as wat beplan is. Ons sal vir u 'n lys van verbeteringe stuur aan die einde van die projek. Werk aan die saal se plafon en ventilasieroosters moet nog gedoen word deur die departement. Die skool sal daarna die saal binne verf en die gordyne terughang. Daar

is egter nog heelwat water wat in die see moet loop, voor die departement kan voortgaan met die werk.

Mnr. Filander en sy span het gedurende die vakansie weer baie moeite gedoen om die skool skoon en netjies te kry. Dit is regtig 'n plesier om in die gange te loop wat spieëlblink vertoon.

Kultuur: *me. E. Thiart*

Aan die begin van die tweede kwartaal het Meeke Esterhuyse, Lily Christine Stemmet en Lienka Joubert deelgeneem aan die jaarlikse ATKV-Redenaarskompetisie. Daar is 'n opname van hul puik toesprake gemaak en dit is ingestuur vir beoordeling.

Die Junior- en Senior Koor is saamgestel nadat leerlinge die geleentheid gehad het om stemtoetse te doen, maar ongelukkig is ons weereens deur Covidreëls gestop voordat die oefeninge kon begin.

Dertien entoesiastiese Grondslagfase leerders het ingeskryf om aan ons interne redenaarsoggend deel te neem, maar omdat die skool vroeër gesluit het, sal 'n uitdun eers in die derde kwartaal kan plaasvind.

Sport: *mnr. Louwtjie Strauss*

Netbal: me. M. Victor

Met groot opwinding het die dogters begin met netbal. Van o/7 tot o/13 het met entoesiasme kom oefen, maar ongelukkig moes ons eers alle oefeninge, wedstryde en proewe staak as gevolg van inperkings. Ons hoop om binnekort weer tussen die lyne van die netbalbaan te mag wees.

Die o/11, o/12 en o/13 netbaldogters het op 20 April deelgeneem aan die dorpsproewe. Streekproewe sou op 6 Mei plaasvind op Bonnievale, maar die reën het ons weggespoel en die datum is aangeskuif tot 10 Mei. 'n Hele paar Monties is deur na Noord-Wynland proewe wat op 11 Mei gehou is in Worcester. Nog van ons dogters het deurgedring vir Wynland proewe, maar ongelukkig is alle proewe uitgestel tot verdere kennisgewing.

Rugby: mnr. L. Strauss

Ons het met afwagting uitgesien na die rugbyoefeninge wat sou begin. Spanne van o/7 tot o/13 het met groot geesdrif opgedaag en begin oefen. Ons het aanvanklik baie aandag aan fiksheid en hantering gegee.

Stelselmatig het die spanne in meer vaste stukture begin oefen en ons het hulle begin regkry vir kontakoefeninge en moontlike wedstryde asook proewe. Ongelukkig het die derde vlaag van Covid weer ons oefeninge stopgesit en is die kontaksport uitgestel tot verdere kennisgewing.

Weerbaarheid: *mnr^e. Jan Krüger en Louwtjie Strauss*

Die afgelope kwartaal is ons leerders steeds weekliks beloon met sertifikate vir die weektema. Een tot twee leerders per klas wat die weektema uitsonderlik toegepas het, het sertifikate ontvang. Ons moet ongelukkig voortgaan om die sertifikate in die klasse uit te deel, aangesien ons steeds geen saalopeninge het nie. Klem is verder gelê op

Covid-19 veiligheidsmaatreëls wat deurlopend beklemtoon is. Veiligheid, padveiligheid en die hantering van boeliegedrag is verdere onderwerpe wat aangespreek is gedurende die kwartaal en wat steeds volgende kwartaal baie aandag sal geniet.

Personeelsake: *me. Eileen Olivier*

As Monties het ons hierdie kwartaal vir Me. Sonét Kloppers geluk gewens met die geboorte van haar seun. Ons hoop sy geniet haar tyd tuis saam met hom. Baie dankie aan Mev. Elna Nel wat in haar plek aflos.

Ons wil graag vir Juf. Claudina Morkel baie geluk wens met haar nuwe Departementele onderwyspos. Ons verwelkom graag vir Me. Yvette Hanekom in graad 2.
As deel van personeelontwikkeling het die personeel gedurende die kwartaal vele aanlyn opleidingsgeleenthede benut.

Ons is bevoorreg om verskeie onderwysstudente by ons te ontvang. In kwartaal 3 sluit 3 studente by ons aan vir praktiese onderwys. Ons vertrou dat hulle die tyd by die Monties leersaam sal vind. Ons kry hierdeur ook geleentheid om as skool te belê in die ontwikkeling van toekomstige onderwysers.

Bemarking: me. Madelene Victor

Fondsinsameling: Ons jaarlikse Montie Mall het afgeskop op 10 Mei en geëindig op 4 Junie. Die Monties het hulself oortref met die verkope van die produkte. Dankie aan elkeen wat moeite gedoen het hiermee. Julle deelname hieraan word opreg waardeer. Me. Marga den Engelsman se klas was die topverkoper in die Grondslagfase en me. Li-Anne Hagen se klas in die Intersenfase. Baie geluk ook aan die volgende leerders wie die topverkopers in die skool was (in volgorde van nommer 1-5): Lily Stemmet, Liam van der Merwe, Caitlin November, Nell Smit en Luka Southey.

Sosiale media: Ons skool se Facebook-blad is hierdie kwartaal opgeskerp. Ons nooi u uit om aan te sluit en deel te hê aan al die gebeurtenisse en verwikkelinge by die skool.

Die beheerliggaam het ook 'n paar projekte in hierdie kwartaal aangepak. Dankie aan al ons lede vir hul harde werk, asook baie dankie aan ons ouers wat hulle ondersteun.

Ek wens al ons leerders en personeel sterkte toe vir die nuwe kwartaal wat voorlê. Baie geluk aan almal wat hul doelwitte behaal het en tevrede is met hul rapporte. Ons het nog 2 kwartale wat voorlê. Ek daag elke leerder uit om werklik hard te werk en te poog om hul uitslae verder te verbeter.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Beheerliggaam Kwartaalbrief: Kwartaal 2-2021

Na 'n heerlike 'lang' vakansie is alles weer terug na normaal. Ons glo elkeen is lekker vars en uitgerus vir die nuwe opwindende kwartaal wat voorlê. Ten spyte van Covid, glo ons dat ons doelwitte vir volgende kwartaal steeds bereik sal word.

As nuwe beheerliggaam wil ons graag baie dankie sê aan elke ouer en onderwyser van Laerskool Montagu wat hul vertroue in ons geplaas het. Dit is soms 'n uitdagende taak om almal tevrede te stel, maar dit is ons visie om elke ouer, onderwyser en vir seker elke leerder se belange eerste te stel. Ons glo ons as bestuur neem besluite wat in die beste belang van ons kinders is. Ons dorp, Montagu, kan nie 'n dorp wees sonder 'n trotse Laerskool Montagu nie. Dit lê die beheerliggaam na aan die hart dat elke leerder en ouer trots moet wees op Laerskool Montagu.

Opknappings en algemene herstelwerk is reeds aan die gang en daar is nog projekte wat ons in die nuwe kwartaal wil aanpak. 'n Addisionele op- en aflaaisone spesifiek vir die busse en taxi's word beplan. Ons het 'n paar van die eienaars betrek by die beplanning en ons glo dié projek sal 'n groot bydrae lewer tot ons leerders se veiligheid, asook verbeterde verkeersvloei in Du Toitstraat. Die aflaaisone gaan beteken dat die verspringput en gewigstootring sal moet verskuif. Die krieketnette gaan ook verskuif word, sodat die leerders versprei kan word oor die veld. 'n Voetoorgang oor Du Toitstraat na Spar se parkeerterrein word ook beplan, in samewerking met Langeberg Munisipaliteit. Daar is verskeie ander projekte in die pyplyn, maar bogenoemde is ons prioriteite vir eers.

Dankie aan al ons lede vir hul harde werk, asook baie dankie aan ons ouers wat ondersteuning bied deur middel van hulp, fondse en mannekrag. Soos u weet kan alles nie oornag verander of verbeter nie. Ons as beheerliggaam poog egter daarna om alles met deursigtigheid te benader.

Die pandemie is steeds met ons en dit is 'n kwessie wat nie onaangeraak verby kan gaan nie. Dit beïnvloed ons daagliks. Daarby gesê wil ons alle ouers en besighede bedank vir jul ondersteuning, asook vir die begrip rakende Covid se implikasies op die skool. Ons moedig steeds almal aan om die nodige veiligheidsmaatreëls toe te pas om elke huisgesin te beskerm en veilig te hou. Julle is vir ons kosbaar.

Baie dankie vir almal se voortgesette ondersteuning aan die beheerliggaam. Ons sien uit na die 3de kwartaal wat voorlê.

Mnr. Krüger, onderwysers en ondersteuningspersoneel - baie dankie vir wat jul elke dag doen vir ons leerders.

Pieter Stemmet
Voorsitter: Beheerliggaam

Montie Klerepryslys – nuwe klere

Die Departement van Basies Onderwys vereis dat skoolklere vir ouers so billik moontlik en by meer as een verskaffer beskikbaar gestel word. Om hierdie konsep te ondersteun is ons opgewonde om te deel dat skoolsweetpakbroeke en -baadjies nou direk by die skool, asook by Carina's te koop is. Ondersteun ons asseblief, ons poog om pryse vir al ons ouers so laag moontlik te hou! Klere kan by die skool tydens kantoorure (07:15 - 12:45) gekoop word.

Moulose sporthemp

6-7	R160.00
7-8	R160.00
9-10	R170.00
11-12	R170.00
13-14	R180.00
S	R190.00
M	R200.00

Netbalrompie

6-7	R120.00
7-8	R120.00
9-10	R130.00
11-12	R130.00
13-14	R140.00
S	R150.00
M	R160.00

Pet	R60.00
Tennispet	R60.00
Mus	R60.00
Biblioteeksak	R60.00
Sport rugsak	R200.00
Tas	R350.00
Plakkies	R60.00
Das	R70.00
Witbord	R20.00
Stoelsak	R60.00
Montie kussing	R60.00

Dik Baadjie met polar-fleece voering

6-7	R400.00
7-8	R410.00
9-10	R420.00
11-12	R430.00
13-14	R460.00
S	R480.00
M	R490.00

Dun Baadjie

6-7	R350.00
7-8	R360.00
9-10	R380.00
11-12	R390.00
13-14	R400.00
S	R420.00
M	R430.00

Sweetpakbroek

6-7	R220.00
7-8	R225.00
9-10	R230.00
11-12	R245.00
13-14	R250.00
S	R260.00
M	R270.00

Ons tweedehandse klerebank is ook nog voluit aan die gang. Bestellings moet asseblief in u kind se huiswerkboek deur gegee word en ons help waar ons kan teen afslagpryse. Skenkings altyd welkom.

Mountain Bike **As nuwe uitdaging word roetes anders om gery hierdie jaar!**

Route & km	Start Time	Online-Entry	Late Entry	Min. Age	
65km Marathon	07:10	R 350	R 370	19	
48km Half-Marathon	07:30	R 300	R 320	15	
32km Short Half	07:40	R 280	R 300	13	NUWE ROETE-SONDER BOBBEJAANBULT!
25km Family Ride	07:50	R 220	R 240	11	
12km Fun Ride	08:00	R 100	R 120	6	

Please Note: eBikes allowed, but will start at the back of each start batch, and only 1 battery allowed

Trail Run

Route & km	Start Time	Online-Entry	Late Entry	Min. Age
16km Long Trail	07:00	R 200	R 220	11
8km Short Trail	07:35	R 150	R 170	8

#montiemagic

MONTAGU 30 OCTOBER 2021

ONLINE ENTRIES:

https://www.entryninja.com/events/76828-the-hills-challenge

ENQUIRIES

CONTACT: 082 855 3382